Western Cape Government
Environmental Affairs and Development Planning

Omgewings-en
Ruimtelikebeplanning
Chris Rabie
Verwysing: 15/2

OMSENDSKRYWE: EADP 0009/2014

ALLE BURGEMEESTERS, MUNISIPALE BESTUURDERS EN HOOF-STADSBEPLANNERS IN DIE WES-KAAP

ALLE WES-KAAPSE PROVINSIALE DEPARTEMENTSHOOFDE

NASIONALE DIREKTEURS-GENERAAL MET 'N DIREKTE SKAKELING MET GRONDGEBRUIKBEPLANNING

PUBLIKASIE EN DIE VRYSTELLING VAN DIE FINALE WES-KAAPSE ONTWIKKELINGSPARAMETERS RIGLYNE

1. Die Departement het 'n stel van algemene Ontwikkelingsparameters saamgestel wat tydens die beplanningsproses in die voorsiening van fasiliteite en dienste in nedersettings van die Wes-Kaap oorweeg moet word.

2. Die doel van hierdie riglyne is om die konsekwente toepassing van kriteria in die voorsiening van verskeie fasiliteite ter ondersteuning van die skepping van gebalanseerde, volhoubare en geïntegreerde menslike nedersettings te bewerkstellig.

3. Die riglyne het deur verskeie rondtes van openbare deelname gegaan en het kulmineer in die goedkeuring van 'n riglyndokument genaamd ***Ontwikkelingsparameters: 'n Vinnige Verwysing vir die Voorsiening van Fasiliteite binne Nedersettings van die Wes-Kaap***. Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel die aangehegde dokument 'n riglyn is, dit opgedateer sal word soos wat die behoefte ontstaan.

4. Enige verdere navrae aangaande hierdie riglyne moet aan Allan Rhodes via e-pos Allan.Rhodes@westerncape.gov.za gestuur word.

HOOF VAN DIE DEPARTEMENT

Datum: 17.04.2014

1st Floor, Leeusig Building, Cape Town, 8001
tel: +27 21 483 0764 fax: +27 21 483 3211
Private Bag X9086, Cape Town, 8000
www.westerncape.gov.za/eadp